

## MEDIAVERKLARING PRESS RELEASE

VIR VRYSTELLING/ FOR RELEASE

2008-06-30

UITGEREIK DEUR/ ISSUED BY:

Moira Müller  
Kommunikasiebeampte  
Communications Officer

## Verklik vuil taal met dié eerste Afrikaanse Grammatikatoetser.

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT™), van die Noordwes-Universiteit, het pas 'n betaweergawe van die eerste Afrikaanse grammatikatoetser vir Microsoft Office bekendgestel. Die betaweergawe van 'n sagtewareproduk verwys na 'n eerste weergawe wat buite die ontwikkelaars se organisasie vrygestel word met die doel om geëvalueer te word. Die hoofdoel van hierdie vrystelling is dan ook om die publiek se insette te kry met die doel om 'n nuttige skryfhulpmiddel daar te stel.

Gebruikers wat daarin belangstel om die gratis betaweergawe van die Afrikaanse Grammatikatoetser te toets, kan inskakel by [www.spel.co.za](http://www.spel.co.za) en die instruksies op dié webwerf volg. Hierdie betaweergawe sal vir 'n tydperk van twee maande beskikbaar wees en gebruikers sal die kans kry om terugvoer te lewer oor die werking daarvan. CTexT beoog om hierdie terugvoering positief aan te wend ten einde die beste moontlike produk later vanjaar op die rakke te kry. Gebruikers wat die evaluasievraelys voor 31 Augustus 2008 terugstuur, kan een van 50 gratis kopieë van Afrikaanse Skryfgoed 2008 wen. Afrikaanse Skryfgoed 2008 sal die nuutste weergawes van die CTexT-speltoetser en -grammatikatoetser vir Afrikaans, 'n tesourus en 'n woordafbreker insluit.

CTexT was in die afgelope jaar eerstehands betrokke by die ontwikkeling van speltoetsers vir altesaam 10 Suid-Afrikaanse tale en 5 Afrikatale. Speltoetsers vir Afrikaans, isiZulu, Setswana, isiXhosa, Sesotho, Sesotho sa Leboa, isiNdebele, Siswati, Tshivenda en Xitsonga word in opdrag van die Departement Kuns en Kultuur ontwikkel met spesifieke fokus op tekste wat deur regeringsinstansies geskryf word. CTexT het ook, as medewerker van Microsoft, leksikale data ontwikkel vir vyf Afrikatale, naamlik Wolof, Igbo, Hausa, Kinyarwanda en Yoruba. Die data kan gebruik word in verskeidenheid taaltegnologiese toepassings, soos speltoetsers.

“n Grammatikatoetser is 'n heel ander saak as 'n speltoetser!”, sê prof. Gerhard van Huyssteen, projekleier en hoof van CTexT. Aan die een kant moet 'n grammatikatoetser evalueer of die taalgebruik in 'n teks aan die **grammatikavereistes** van die taal voldoen. Die woord “grammatika” verwys na die konvensies en reëls van 'n taal. 'n Grammatikatoetser evalueer of die taalgebruik in 'n teks aan hierdie konvensies en reëls voldoen. Die *CTexT™ Afrikaanse Grammatikatoetser* is die eerste Afrikaanse grammatikatoetser vir Microsoft Office en kan 'n verskeidenheid foute identifiseer. So byvoorbeeld kan die Afrikaanse Grammatikatoetser foute met betrekking tot die volgende aan 'n gebruiker uitwys:

- Korrekte woordkeuses (byvoorbeeld die korrekte gebruik van die woorde **rys**, **reis** of **ruis**);
- Los- of vasskryf van woorde (byvoorbeeld die korrekte gebruik van **Oom hulle**, en **Oom-hulle**); en
- Korrekte grammaticale konstruksies (byvoorbeeld **Ielik** teenoor **Ielike**).

Afgesien van grammatikale versorging, kan 'n grammatikatoetser ook bepaal of die teks aan bepaalde **stylvereistes** voldoen. Tipiese stylvereistes sluit onder meer in:

- Leestekengebruik (Moet daar 'n komma voor **maar** gebruik word?);
- Konsekwente taalgebruik (Gebruik ek soms **chronologie** en soms **kronologie** in dieselfde dokument?); en
- Aanstootlike woorde (Gebruik ek woorde wat in die meeste kontekste as aanstootlik deur lezers ervaar kan word?).

Daar word ten sterkste aanbeveel dat die Grammatikatoetser saam met CTexT se Afrikaanse Speltoetser 3.0, Tesourus 1.0 & Woordafbreker gebruik word vir die beste resultate. Gebruikers word daaraan herinner dat speltoetsers en grammatikatoetsers bloot hulpmiddels is, en nie menslike vermoëns kan vervang nie.

EINDE

---

#### **Kontakbesonderhede vir meer inligting:**

Moira Müller  
(018) 299 1541  
Moira.Muller@nwu.ac.za

## Join the clique and download the first Afrikaans Grammar Checker for free.

The Centre for Text Technology (CTexT™) of the North-West University has released a beta-version of the first ever Afrikaans grammar checker for Microsoft Office! The beta-version of a software product refers to the first version that is released outside the developers' organisation, with the aim of being evaluated. The main purpose of this release is therefore also to receive comments from the public in order to develop a useful proofing tool.

Users who are interested in testing the free beta-version of the *CTexT™ Afrikaanse Grammatikatoetser*, can log on to [www.spel.co.za](http://www.spel.co.za) and follow the instructions on this site. This beta-version will be available for a period of two months and users are offered the opportunity to provide feedback on the grammar checker's functionality. CTexT will make use of this feedback in order to make available the best possible product later this year. Users who submit their questionnaires on or before 31 August 2008, can win one of 50 free copies of *Afrikaanse Skryfgoed 2008*. This product will include the latest versions of CTexT's spelling checker and grammar checker for Afrikaans, a thesaurus and a hyphenator.

In the past couple of years CTexT has been involved in the development of spelling checkers for 10 South African languages and five African languages. Spelling checkers for Afrikaans, isiZulu, Setswana, isiXhosa, Sesotho, Sesotho sa Leboa, isiNdebele, Siswati, Tshivenda and Xitsonga were developed for the Department of Arts and Culture, with a specific focus on texts that are written by government organisations. CTexT has also, as co-worker of Microsoft, developed lexical data for five African languages, namely Wolof, Igbo, Hausa, Kinyarwanda and Yoruba. This data can be used in a variety of language-technological applications, like spelling checkers.

"A grammar checker is quite a different matter to a spelling checker!", says Prof Gerhard van Huyssteen, project leader and head of CTexT. On the one hand a grammar checker must evaluate whether the language use in a text adheres to the **grammatical requirements** of a language. The word "grammar" refers to the conventions and rules of a language. A grammar checker therefore evaluates whether the language use in a text adheres to these conventions and rules.

The *CTexT™ Afrikaanse Grammatikatoetser* is the first Afrikaans grammar checker for Microsoft Office, and can identify a number of errors. It can therefore indicate errors with regard to the following:

- Correct word choices (for example the correct use of the words *rys*, *reis* or *ruis*);
- One or two words (for example the correct use of *Oom hulle* and *Oom-hulle*); and
- Correct grammatical constructs (for example *Ielik* as opposed to *Ielike*).

Apart from grammatical editing, a grammar checker can also determine whether the text adheres to certain style requirements. Typical style requirements include, among others:

- Punctuation (May one use a comma before *maar*?);
- Consistency in language use (Do I sometimes make use of **chronologie** and sometimes of **kronologie** in the same document?); and
- Offensive words (Do I make use of words that might, in most cases, be experienced as offensive by readers?).

For the best results, it is highly recommended that the grammar checker is used together with CTeXT's *Afrikaanse Speltoetser 3.0*, *Tesourus 1.0* & *Woordafbreker*. Users are reminded of the fact that spelling checkers and grammar checkers are merely language tools and cannot replace human abilities.

END

---

#### Contact details for more information:

Moira Müller  
(018) 299 1541  
Moira.Muller@nwu.ac.za